


# TOUCHER

**CENTURION ROLBALKLUB          CENTURION BOWLS CLUB**

**(www.centurion.bowls-club.co.za)**

**secretary@centurion-bowls.co.za**

## NUUSBRIEF / NEWS LETTER

**Februarie    2024    February**

*Some day you will be old enough to start reading fairy tales again.* CS Lewis.

**HOOGTEPUNTE**

Die jaar 2023 is op 30 Desember paslik afgesluit met ŉ familie-rolbaldag. Ses-en-negentig deelnemers (reg gelees: 96!) het die dag by wyse van genotvolle rollende massa-aksie deurgebring, met vrinne, grootouers, ouers, kinders en kleinkinders in ŉ bonte mengelmoes op die bane. Daarna is heerlik gepap-en-wors, onder die bekwame hande van Piet en Dalina Brits. Nick Roelofse, Herman du Plessis en Piet Brits het die kele natgehou, en Ronell van Zyl het ontpop as tollenaar (of is dit tollenares?) vir die funksie. Wat ŉ dag!

Die eerste Worslopie vir die jaar het plaasgevind op 6 Februarie by wyse van parespel. Die worslouere is weggedra deur Herman du Plessis, met Piet Swemmer in die tweede plek. Baie geluk, en ook weer eens groot dankie aan Tertius van de Venter vir knap organisasie!





Die liga- en sosiale spelers is paslik "herenig" deur gesellige kuier op 10 Februarie. Die sosiale spelers is bedank vir hul begrip en opofferings om al die liga-oefeninge moontlik te maak. Die liga-spelers is op hul beurt bedank vir hul bydraes tydens ŉ bring-en-braai op Saterdag 17 Februarie. As blyk van waardering en aandenking het elke liga-speler ŉ sleutelhouertjie, met individuele naam daarop, ontvang. So is die liga-seisoen op waarlik hoë noot afgesluit. Die uitslae (elders aangetoon) strek die klub waarlik tot eer. ŉ Groot spesiale dankie aan Karien Roos en Hannes Botha vir hulle puik en onbaatsugtige leierskap in die liga-offensief, en aan alle liga-strydmakkers!



Danksy die inisiatief van Rina Meyer en Karien Roos het Valentynsdag ook nie ongemerk verby gegaan nie. 'n Mooi program is gereël op Dinsdag 13 Februarie, paslik ingelei deur Kas Landman se uiteensetting oor die rooi van die moerbeivrug. Spel (in oorwegend rooi) is afgesluit deur baie lekker kuier en (oorwegend rooi) versnaperings. Welgedaan, Rina en Karien!.

En as verdere hoogtepunte: Isa Theron en Estelle de Beer sluit op onderskeidelik 24 en 25 Februarie aan by die uitgelese groep van 80-plussers. Baie geluk, julle twee - julle bly vir ons in alle opsigte pragtige voorbeelde, en ons wens julle net die beste toe!

## ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD



Ek word nou die dag voorgekeer deur 'n nuwe lid van ons rolbalfamilie wat borrel oor die vriendelikheid waarmee hy in die klub ontvang is, die heerlike saam-kuier, die lekker sosiale spel, ens. Dit was lekker om dit te hoor – so ken ons Centurion-rolbalklub, die klub met die beste gees in Gauteng-Noord.

Te midde van een van Centurion se warmste somers is die BGN-Liga so pas afgehandel, die Twilight-toernooi is by sy halfpadmerk, 2:4:2 gaan van krag tot krag, sosiale spel word sterk ondersteun, die BGN- en die klub se interne kompetisies vir 2024 het afgeskop en ons klub se eerste van twee Fondsinsamelingsdae vir hierdie jaar wat op 9 Maart plaasvind, is om die draai. Baie dankie vir elkeen van julle se aktiewe en geesdriftige betrokkenheid by hierdie aktiwiteite. Baie geluk ook aan elke lid van ons liga-spanne wat die afgelope seisoen vir verskeie hoogtepunte verantwoordelik was – ek kan ook nie anders as om Hannes, Karien en die keurders uit te sonder vir hulle bydrae in hierdie verband nie.

Onlangse samesprekings met Metro-personeel wat vir sportklubs verantwoordelik is, het bygedra tot verbeterde diensvlakke, maar dit is duidelik dat sport nie in hierdie stadium werklik prioriteit geniet nie. Die toedeling van hulpbronne aan sportklubs is definitief onder druk en ons sal ons beplanning vorentoe hiervolgens moet aanpas.

Dit is vir my 'n riem onder die hart om te sien hoeveel van julle hard aan die werk is om die klub 'n sukses te maak – dit is vir my persoonlik 'n groot voorreg om 'n lid van hierdie heerlike rolbalfamilie te kan wees!

*Jurg Odendaal*

## VANAF DIE TESOURIERE



**Hoe word my ledegeld aangewend?**

Ledegelde

Baie dankie aan al die lede van die klub wat baie getrou hulle lidmaatskapgelde betaal het vir die jaar 2023/2024. Om lede tegemoet te kom, is daar 'n opsie vir afbetaling beskikbaar. Alle uitstaande gelde is betaalbaar voor 30 Junie 2024 wanner die finansiële jaar eindig. Die uitstaande bedrag wat hieronder aangetoon word, gaan hoofsaaklik oor afbetalende lede.

| | |
|---|---|
| *Ledegeld ingevorder (Jaar tot datum)* | *R 271 500.00* |
| *Uitstaande bedrag* | *R 13 900.00* |
| *Persentasie uitstaande* | *5.2%* |

Wesentlike uitgawes wat die Klub moes aangaan vanaf 1 Julie 2023 is die volgende:

**Kapitaal uitgawes:**

| | |
|---|---|
| *Grassnyer (tweedehands)* | *R 26 400.00* |
| *Gasstoof vir kombuis* | *R 16 420.00* |
| *Totaal* | *R 42 820.00* |

**Ander Uitgawes**

| | | |
|---|---|---|
| BGN & BSA Affiliasie | R | 61 000 |
| Grassnyer: Herstel en Parte | R | 22 373 |
| Huur van Groomer | R | 4 200 |
| Perke onderhoud - Grond en Gif | R | 29 000 |
| Hekmotor - Sisteem en Herstel | R | 17 123 |
| Paviljoene - Herstel | R | 15 480 |
| Kroegyskaste - Herstel | R | 4 150 |
| Installering van Gas in kombuis | R | 2 150 |
| Klubgebou - Teëls, Dak, Geute, Plafonne | R | 11 000 |
| Brandblussers en Opleiding | R | 9 736 |
| Totaal | R | 176 212 |

**Fondse**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesourier se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Rek no 405 332 3178
Kode 632005
Tjekrekening

Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2023.

Status ouderdom, 1 Julie 2022

| Kategorie | Ledegeld | Affiliasie | Totaal |
|---|---|---|---|
| Bo 75 | R1620 | R520 | R2140 |
| Onder 75 | R1830 | R520 | R2350 |

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

*Marieta Fourie*

**VANWAAR GEHASI?**

**Adri Behr**



Ek het vir Ronell van Zyl ontmoet toe ons lyndansklasse gedoen het. Sy het ʼn verandering in my lewe teweeggebring deur my te oortuig om rolbal te probeer. Ek moet erken dat ek aanvanklik ʼn bietjie ongemaklik was met die idee om ʼn sport so laat in my lewe aan te pak, aangesien ek eerder ʼn passie het vir die kunste en handwerk. Vir meer as 25 jaar het ek my vaardighede toegespits op “Floral Art” kompetisies. Ek het ook teddiebeertjies gemaak, en loodglasprojekte aangepak.

Dit was ʼn groot stap vir my om die wêreld van rolbal te betree, maar ek kan eerlik sê dat ek geen oomblik spyt is nie. Die sport het ʼn nuwe dimensie van vreugde en sosiale interaksie aan my daaglikse roetine toegevoeg.

Ek is gebore en het grootgeword in Pretoria as die oudste van drie sussies. Na matriek het ek my as ʼn boutekenaar bekwaam en het ek ook onderwysstudies aan die Onderwyskollege in Pretoria voltooi. Ek was egter nooit ‘n onderwyseres nie. Ek het as ʼn boutekenaar by ʼn ingenieursfirma begin werk. My lewensreis het my na verskeie plekke gelei: As familie was ons periodiek in Johannesburg, Oos-Londen en Polokwane woonagtig. Ek het aangehou om my vaardighede aan te wend vir bouprojekte, selfs in my private hoedanigheid, terwyl ek my energie grotendeels aan my twee kinders - ʼn seun en ʼn dogter - toegewy het.

My dogter en haar man woon in Nieu-Seeland saam met my twee pragtige kleindogtertjies. In 2020 het ek na Centurion verhuis om nader aan my seun en sy vrou te wees. ʼn Groot vreugde hier is om nader aan my derde kleindogter te kan wees.

My rolbalreis het eers in Augustus 2023 begin, maar ek wens ek het dit al 10 jaar vroeër gedoen! By die Centurion Rolbalklub voel ek werklik tuis. Ek ervaar nie net plesier in die spel self nie, maar ook in die geleentheid om die buitelug en die gesellige atmosfeer van die gemeenskap te geniet.

**BESTUUR**

Sake wat tydens die Bestuursvergaderings op 10 Januarie en 9 Februarie bespreek is, kom grootliks elders in hierdie uitgawe ter sprake, of word per WhatsApp aan lede deurgegee.

Belangrike datums vir 2024 is die volgende:

| | |
|---|---|
| 9 Maart: | Fondsinsameling |
| 8-12 April: | Wees Gerus rolbalweek |
| 1 Mei: | Pretdag: 75+ teen 75-. |
| 11 Mei: | Jaarlikse Meyerspark–Centurion toernooi, te Centurion. |
| 20 Julie: | Vierhoekige byeenkoms (Villieria, Centurion, Lynnwood, Bronkhorstspruit) te Centurion: |
| 3 Augustus: | Fondsinsameling |

Die volgende bestuursvergadering vind plaas op 15 Maart 2024.

**KOMPETISIES**

**Klub**

Die Klubkompetisies vir 2024 het begin met die enkelwedstryde vir nuwelinge. Die geesdrif was groot en die uitkoms was spannend. Die ledetal van nuwe lede en hulle uitstaande spelpeil hou groot belofte in vir die toekoms van die klub, en is voorwaar ook ʼn pluimpie vir die afrigters!

## Rolbalklub Centurion Bowls Club

**2023/2024 Seisoen Klub Kompetisies: Beginners Kampioenskap (Mans)**

**Section 1**

| Name / Opponente | Swemmer, Piet F | A | P | de Villiers, Johan F | A | P | Jacobs, Andre F | A | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Swemmer, Piet | | | | 15 | 21 | 0 | 8 | 21 | 0 |
| de Villiers, Johan | 21 | 15 | 1 | | | | 6 | 21 | 0 |
| Jacobs, Andre | 21 | 8 | 1 | 21 | 6 | 1 | | | |
| **Points & Score Diff.** | **19** | | **2** | **9** | | **1** | **-28** | | **0** |

**Seksie 2**

| Name / Opponente | Engela, David F | A | P | McCabe, Andrew F | A | P | Munro, Theo F | A | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Engela, David | | | | 19 | 21 | 0 | 21 | 18 | 1 |
| McCabe, Andrew | 21 | 19 | 1 | | | | 21 | 9 | 1 |
| Munro, Theo | 18 | 21 | 0 | 9 | 21 | 0 | | | |
| **Punte en pnt verskil** | **-1** | | **1** | **-14** | | **0** | **15** | | **2** |

**Section 3**

| Names / Opponents | Odendaal, Jurg F | A | P | Bock, Eidel F | A | P | Immelman, Jaco F | A | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Immelman, Jaco | 21 | 20 | 1 | | | | | | |
| Odendaal, Jurg | | | | | | | 20 | 21 | 0 |
| Bock, Eidel | | | | | | | | | |
| **Points & Score Diff.** | **1** | | **1** | **0** | | **0** | **-1** | | **0** |

**Seksie 4**

| Names / Opponents | Ehlers, Johan F | A | P | Conrad Greve F | A | P | Barend Lundie F | A | P | Etienne Olckers F | A | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ehlers, Johan | | | | 15 | 21 | 0 | 20 | 21 | 0 | 21 | 9 | 1 |
| Greve, Conrad | 21 | 15 | 1 | | | | 21 | 8 | 1 | 21 | 9 | 1 |
| Barend Lundie | 21 | 20 | 1 | 8 | 21 | 0 | | | | 12 | 21 | 0 |
| Etienne Olckers | 9 | 21 | 0 | 9 | 21 | 0 | 21 | 12 | 1 | | | |
| **Points & Score Diff.** | **-5** | | **2** | **-31** | | **0** | **21** | | **2** | **15** | | **2** |

Swemmer, Piet
(21-15)
Munro, Theo

Munro, Theo
(21-12)
**Beginners 2024 Kampioen** **Munro, Theo**

Odendaal, Jurg
(21-16)
Barend Lundie

Barend Lundie

**2023/2024 Seisoen Klub Kompetisies: Beginners Kampioenskap (Dames)**

2 PUNTE VIR 'N WEN 0 PUNTE VIR VERLOOR

**SEKSIE 1**

| NAAM | MARTELIZE F | A | P | SUZETTE F | A | P | ANDRI B F | A | P | THINA F | A | P | LESLEY F | A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MARTELIZE (1) | | | | | | | 12 | 18 | 0 | 5 | 18 | 0 | 6 | 18 |
| SUZETTE (2) | xxxx | xxxx | xxxx | | | | xxxx | xxxx | xxxx | xxxx | xxxx | xxxx | xxxx | xxxx |
| ADRI B (3) | 18 | 12 | 2 | | | | | | | 7 | 18 | 0 | 18 | 15 |
| THINA (4) | 18 | 5 | 2 | | | | 18 | 7 | 2 | | | | 16 | 18 |
| LESLEY (5) | 18 | 6 | 2 | | | | 15 | 18 | 0 | 18 | 16 | 2 | | |
| TOTAAL | 54 | 23 | 6 | 0 | 0 | 0 | 45 | 43 | 2 | 30 | 52 | 2 | 40 | 51 |
| Plus / Minus | | | 31 | | | 0 | | | 2 | | | -22 | | |

**SEKSIE 1 WENNER** MARTELIZE



**SEKSIE 2**

| NAAM | SUSAAR F | A | P | ADRI G F | A | P | ISABEL F | A | P | YVONNE F | A | P | EMMA F | A |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SUSAAR (1) | | | | 12 | 18 | 0 | 18 | 17 | 2 | 18 | 16 | 2 | 5 | 18 |
| ADRI G (2) | 18 | 12 | 2 | | | | 18 | 17 | 2 | 11 | 18 | 0 | 6 | 18 |
| ISABEL (3) | 17 | 18 | 0 | 17 | 18 | 0 | | | | 6 | 18 | 0 | 5 | 18 |
| YVONNE (4) | 16 | 18 | 0 | 18 | 11 | 2 | 18 | 6 | 2 | | | | 2 | 18 |
| EMMA (5) | 18 | 5 | 2 | 18 | 6 | 2 | 18 | 5 | 2 | 18 | 2 | 2 | | |
| TOTAAL | 69 | 53 | 4 | 65 | 53 | 4 | 72 | 45 | 8 | 53 | 54 | 4 | 18 | 72 |
| Plus / Minus | | | 16 | | | 12 | | | 27 | | | -1 | | |

**SEKSIE 2 WENNER** ISABEL

FINAAL
MARTELIZE
TEEN
ISABEL
MARTELIZE 21/3

Die jaarlikse Twilight Toernooi het op 18 Januarie afgeskop onder die bekwame leiding van Conrad en Adri Greve. Die toernooi is skitterend op dreef, en het reeds die gebruiklike kwota van baie verrassende uitslae opgelewer. Baie dankie, gewaardeerde Greve's!

**BGN en Liga**

BGN Veterane-driespel, BGN Pare en BGN Midweek 4e is reeds afgehandel. In laasgenoemde het die span van Karien Roos (saam met Dorina du Plessis, Rina Meyer en Zinda Müller) deurgedring na die halfeindrondte. Baie geluk, en so ook aan alle deelnemers wat die klub se naam hoog gehou het op BGN-vlak!

Die Liga-wedstryde is afgehandel, en ons klub kan waarlik trots wees op die finale uitslae, soos weergegee in die tabel hieronder. ʼn Stewige basis is gelê, en die klub kan met vertroue uitsien na die volgende liga-seisoen. Baie dankie aan Karien en Hannes wat die leisels so knap vasgehou het!

| **Divisie** | **Posisie** |
|---|---|
| Dames 2 | 3 |
| Dames 3 | 2 |
| Dames 4 | 6 |
| Mans 1 | 7 |
| Mans 4 | 8 |
| Mans 6 | 3 |

**ROLBALONTWIKKELING**

Soos reeds voorheen genoem, stuur die klub af op ʼn tekort aan Derdes en Skippers, en in dié verband word spesifieke intervensies beplan.

Nege potensiële nuwe lede ontvang tans afrigting, met groot dank aan die afrigters, naamlik Leon, Hermien, Bosman, Wim, Ernst en Zinda.

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds ʼn groot sukses, met telkens ʼn aantal kandidate wat wil speel op die waglys. Op Woensdag 7 Februarie het ʼn allemintige aantal van 56 spelers deelgeneem, danksy die 7-baanopstelling vir die Twilight toernooi. ʼn Baie spesiale dankie weer eens aan Leon Smith vir al sy moeite!

**LEDESAKE**

**Verjaarsdae in Februarie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | Jorrie Jordaan | 19 | Marsha Greyling |
| 5 | Danny de Lang | 19 | Wilma Olivier |
| 8 | Gert van der Westhuizen | 20 | Ann van der Veen |
| 11 | Helena Payne | 22 | David Engela |
| 12 | Lavonne Austen | 24 | Elsa Mostert |
| 12 | Louisa Meyer | 24 | Isa Theron |
| 15 | Adi Joubert | 24 | Jock van Schalkwyk |
| 15 | Linda McGregor | 25 | Estelle de Beer |

**Verjaarsdae in Maart**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Judy Ralph | 18 | Johan Jansen |
| 3 | Dennis Clausen | 21 | Louise Graham |
| 7 | Stoffel Mynhardt | 29 | Japie Horn |
| 8 | Linda Kleingeld | 30 | Liezl Loock |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10 | Bosman Olivier | 31 | Louwtjie du Plessis |
| 12 | Martie Wepener | | |

**Verjaarsdae in April**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | Herman du Plessis | 19 | Louwtjie de Jager |
| 4 | Elize du Plessis | 21 | Hannes Botha |
| 10 | Hendrina Meaker | 23 | Elsabe Heyns |
| 15 | Dalina Brits | 24 | Pieter Pretorius |
| 17 | Thea Opperman | 26 | Hans Greyling |
| 18 | Willem van Zyl | 29 | Matie Stander |

**Nuwe lede**

Andries Steyn, Patrick Pritchard, Willem Prinsloo,Jacqui Bester en Johan Jansen het onlangs hul intreewedstryde gespeel. Baie welkom, en mag julle baie genot put uit jul rolbal vorentoe!


*Andries Steyn*


*Johan Jansen*


*Patrick Pritchard*


*Jacqui Bester*


*Wim Prinsloo*

Nuwe lede wat tans afrigting ontvang is Pieter en Hettie Grobler, Gert Kruger, Ferdie en Alice Maree, Nico en Maretha Meiring, en Albert Smook.  By voorbaat welkom aan elkeen, en mag julle verbintenis met die klub lank en aangenaam wees!

**Lief en leed**

Andre Lightfoot het baie mooi herstel, en Bruce Austen het weer 'n draai by die klub gemaak. Ons is baie dankbaar!

Piet Schutte, Dennis Clausen en Ann van der Veen ervaar steeds uitdagings met hul gesondheid. Baie sterkte, ons vertrou op mooi herstel.

**Speeltye (Somer)**

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:30 vir 14:00

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel  en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

**Boeke**

Snuffel gerus  in die boekrakke  vir iets om te lees en huistoe te neem.  Daar is 'n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

**Diensrooster**

Aangebring op kennisgewingbord.

**GREENS AND FACILITIES**

The upkeep of the greens and facilities is a continuous challenge. Bosman Olivier and Ernst Müller (greens) and Etienne Olckers (facilities) deserve our unreserved appreciation for their dedication to each and every task. Many thanks!

**KLEINJAN**

*Soos oom Langenhoven gesê het is daar ŉ tyd om te kom en ŉ tyd om te gaan. Black Friday, Kersfees, Oujaar en Nuwejaar het gekom en gegaan. Selfs die lekker familiedag op 30 Desember by ons rolbalklub het ook gegaan. Om nie eens te praat van die "year end annual bonus" nie.*

*Die jaar 2024 is ook weer goed op dreef met sy eie uitdagings en doelwitte. Dit is darem maar ŉ seȅning om nog elke dag te kan opstaan en die lewe in die gesig te kan bekyk. Party mense sukkel meer as ander en weet nie altyd hoe hulle deur die dag gaan kom nie. Ander is dalk meer gelukkig en gesonder, maar ons het maar almal ŉ ietsie wat nie altyd lekker is nie. Ma ons moet net altyd kan sê ons het steeds baie om voor dankbaar te wees en dat ons liewe Heer altyd by ons is. For better or for worst.*

*Ek het verlede Donderdag by Cash Crusaders verbygeloop op pad na Checkers toe. My brieke het net daar vasgeslaan en ek kon dit nie weerstaan om om te draai en gou daar in te glip nie. Ma onthou mos van die "black Friday" wat ek ma van vertel het wat laasjaar so baie mense laat goeters koop het. Daardie van two for the price of one en baai one and get one free. In Cash Crusaders staan daar baie items wat die kopers van die bargains weer gaan verkwansel het om die leȅ kolle in die beursies weer ŉ bietjie te kon toemaak. Verlede jaar se "moet hê" items, alhoewel dit nie nodig was om regtig te moet hê nie, is nou daar te koop vir minder as wat dit in Macro, Piek en Paai en al die ander winkels was. Dit is net lekker om daarna te kyk. Ek het darem geen van die krismis vrugtekoeke daar gesien nie. What a shame dat die mense dit nie wou inruil nie, was seker te lekker en steeds ŉ bargain.*

*Ma die Desember hitte was darem allermintag. Dit help amper nie om water op die plantjies te gooi nie. Jy kon sommer die verleptgeit sien gebeur soos die son die blou wille dinges uit die plante geskroei het. Jurgens wat nou die hoof is vertel my dat hy ŉ lappie grond naby Vrede in die Vrystaat het. Hy het so twee morge mielies ingesit met die oog daarop om mieliemeel te produseer. Hy het egter net popkorn geoes.Dit is ook ŉ hel se palawa om dit geoes te kry want dit spring so rond dat jy moet wikkel om die boksies vol te kry.*

*Daar was ook in Desember ŉ groot deurmekaargeit by die laaste jaarvergadering by die parlemint. Heelwat van die verkosenes was onteenwoordig. Hulle het eers laat middag vir die leier van die brandweerkleurige overals opgespoor. Hy en die elektrieseteits verteenwoordiger was toe wel in die kabinet. Tweede laai van onder af met ŉ bottel duur Skotse drank onder ŉ plastieksak. Blykbaar under cover die vergadering bygewoon. Hulle het wel ŉ klompie onbenullige besluite geneem wat hulle hierdie jaar in plek wil sit. Dit sal egter nog lank wees voordat daar dadels van sal kom want hulle moet dit eers op die tafel laat lê waar die hoofman oor menigte dit na ŉ paar maande sal bestudeer en dan sal afteken. Ons weet mos nou al van die proses daarna. Al die ander partytjiegangers gaan eers ŉ kans kry om ŉ bohaai op te skop. Maak nie saak of die voorstel goed of sleg was nie. Dan gaan dit eers na die Konstipasie Hof waar hoofregter Zonde dit moet check en sê of dit ok is of nie ok is nie. So ŉ tertafelgelêery kan jare vat. Teen daardie tyd weet diegene wat in die kabinet was, saam met die bottel Johnny Walker, nie eens meer waaroor dit gegaan het nie want hulle werk alreeds aan ŉ ander plannetjie om die belastingbetalers mee om te krap.*

*Ek moet net met ma deel dat ek en die "blond" nogal heel danig is. Nie soos in danig danig nie maar dinge loop mooi. Ek gaan haar, indien die moed my nie vergewe nie, binnekort vra of sy nie sal oorweeg om my*

*kysringetjie maar te aanvaar nie. Indien wel sal dit voordelig ook wees want dan kan ons fifty fifty betaal vir uiteet.*

*Ma, ek moet vir ma iets vertel van wat ek raakgelees het. Miskien weet ma dit want ma het ook mos op skool bestudeer. Alle soogdiere, waaronder mense ook geklasifikasie word, is in een van hulle se gebeendere kolomme dieselfde. Nou ŉ soogdier is ŉ soort spesie aan wie se kinders hulle drink, dis nou melk, as hulle babas was. ŉ Manlike soogdier is ook ŉ soogdier maar word nie aan gedrink nie want ek dink nie hulle is voedsaam soos ŉ vrou soogdier nie. Tot ŉ Walvis en ŉ Dolfyn  en ŉ Muis is soogdiere. Net ŉ twee-toon luidier en ŉ drie-toon luidier en ŉ mannathee, wat amper soos ŉ rob is, klassifiseer nie onder ons nie. Nou die intersantgeit wat ek vir ma wil vertel is dat alle soogdiere net sewe nekwerwels het. Maak nie saak van hy of sy se grote of lankgeit nie. Van ŉ mens tot ŉ olifant tot ŉ kameelperd en tot oorlede Goliat van Gat ook. Die ou lewe is darem maar intersant. Mens leer elke dag iets nuuts. Jy moet net baie lees. Hierdie wat ek nou vir ma vertel het, het ek nie geduimsuig nie. Vra maar vir ander geleestes ook.*

*Ma my brief raak nou weer bietjie lank en ek moet nog my sewe nekwerwels bietjie op ŉ kussing gaan uitspan. Mooi bly tot volgende brief. Geleestes praat mos van ŉ skrywe. So ma, my volgende skrywe volg.*

*Kleinjan.*

**.....EN TEN SLOTTE**

***Twee perde***

*Twee perde trek die siel se wa;*

*Die een is swart en nors en kwaai,*

*Geneig tot oproer en lawaai*

*Gereed om steeds te veel te vra;*

*Die ander, wit en rein en stil,*

*Gehoorsaam as die menner stuur,*

*En sterk om innerlike vuur*

*Te temper soos die Meester wil*

Gedig van TJ Haarhoff (1892 – 1971), ŉ vêrlangse familielid van ons eie Emil Haarhoff.

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com , praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls-club.co.za en ook ons Facebook blad by

https://www.facebook.com/Centurion-Rolbalklub-Bowling-Club.

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.